

Die departement en sy entiteite speel 'n kritieke rol in die samelewing, vanaf SASSA-toelae tot Nie-winsgewende organisasies. Die mees weerloses is van die departement en sy entiteite afhanklik en word dag-na-dag deur hulle gefaal.

Kom ons begin by SASSA en die uitbetalings van die toelaes... As die geld nie opraak nie, of die ooreenkoms nie geteken is nie, dan is stelsels van lyn af of is daar beurtkrag en werk niks nie. Dit alles te midde die feit dat ons mees weerloses ly.

Dan kom ons by die moeilikheid met die poskantoor, of altans nou die posbank... SASSA gaan beslis 'n ander oplossing vir toelae-uitbetalings moet kry, as die Posbank. Die Posbank het bewys hy is nie bevoeg om die uitbetalings te hanteer nie. Tussen die geld wat deur werknemers gesteel is, geld wat by betalingspunte op raak, die stelsel wat oppak, OTM onttrekkings wat geld van die toelae aftrek, maar nie geld aan trekkers gee nie en so stapel die krisis en probleme net op. Is dit nie maar tyd om te sê genoeg is genoeg nie?!

Wat verder kommerwekkend is oor die hele goue kaart debakel, is dat die Posbank het gewet dat die kaarte gaan verval. In 'n onlangse mediaverklaring het Posbank egter te kenne gegee dat hulle eers in die volgende paar weke die proses van hernuwing vir kaarte gaan opdateer. As gevolg van 'n proses wat deur posbank nagelaat is, is nie net die Reserwe Bank se sperdatum uitgestel nie, MAAR is duisende SASSA trekkers deur 'n stelsel wat hulle moes help gefaal. Duisende SASSA begunstigdes moes vir ure in toue staan. Baie van die begunstigdes is bejaard of het kwale soos artritis en diabetes en moes sonder die nodige geriewe oor die weg kom. Ons kan dankbaar wees nie meer mense het iets oorgekom nie.

Many rural and older clients remain reliant on the direct withdrawal of grants from SAPO offices, and SASSA themselves admitted this remains a concern, as does the number of doctors available to process disability grant claims.

The doctor shortage needs to be addressed with the utmost urgency as does this crises with the Postbank.

What is positive is that the agency plans to implement a fully automated grant application process (this includes: e-application, scanning supporting documents, digital signatures, and electronic files) over the MTEF period at an estimated cost of R128 million. This will hopefully see the alleviation of many problems faced by SASSA beneficiaries.

What remains to be seen is whether the Annual performance targets will be met. Some of the most notable is the focus on the improvement of organisational efficiency that will see:

- 5% of social assistance debts recovered and/or submitted for write off;
- 75% of current financial misconduct cases finalised within 120 days;
- 95% of the backlog of financial misconduct cases finalised;
- 90% of reported fraud and corruption cases investigated and finalised;
- 70% of labour relations cases finalised; and
- 90% of vacant funded posts filled.

If SASSA does not get its house in order, so to speak, we can rely on seeing more issues than less.

To get to the department itself:

The department needs to start with appointing a DG and CFO. This department has been without both for a long time, maybe even years. Although the current acting incumbents are doing a good job given the circumstances, we need stability in a department as crucial as this.

Die departement ervaar besondere probleme wanneer dit by nie-winsgewende organisasies kom. Laat betalings van subsidies is maar een van die probleme wat ervaar word. Kinderhuise is gewoonlik die wat die swaartste gebuk gaan onder die probleme en onskuldige kinders ly as gevolg daarvan.

Ek is genader deur 'n nie-winsgewende organisasie wat al vir meer as 6 maande sukkel om te registreer by die departement. Uiteindelik op die 20e April het hulle uitgevind daar moet verdere stawende dokumente ingedien word. Die 21e April, nadat die dokumentasie gestuur is wou hulle opvolg oor of die dokumente ontvang en in orde is. Tot van dag toe, kon hul nie die departement in die hande kry nie. Ek het toe gister 'n oproep na die departement se nasionale call centre, asook die Vrystaat-kantoor gemaak om navraag oor die registrasie van die organisasie te doen. Die nasionale call centre se nommer bestaan nie en die Vrystaat-kantoor se nommers skakel nie eers deur nie.

Dit is 'n skryende skande dat hierdie nommers buite werking is en moet so spoedig moontlik herstel word.

Die departement faal Suid-Afrikaners.

Die entiteite faal begunstigdes.

Suid-Afrika verdien beter.